NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 4 FEBRUARIE 2015 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cloete, C M	Rangasamy, M
Cox-Bruintjies, Y S	Stemele, O M
Geel, B W	Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J H Cleophas.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 3 DESEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 3 Desember 2014 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT

(a) Dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys gesirkuleer.

4/...

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: DESEMBER 2014

5.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

Rdl M Rangasamy, as voorsitter van die Finansieskomitee, behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Desember 2014.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SALGA: *HUMAN RESOURCES DEVELOPMENT AND COLLECTIVE BARGAINING* WERKGROEP: 13 NOVEMBER 2014

'n Verslag oor die SALGA *Human Resources Development and Collective Bargaining* werkgroep vergadering soos gehou op 13 November 2014, bygewoon deur me Sunet de Jongh, Bestuurder: Menslike Hulpbronne, is tot die sakelys gesirkuleer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die Agenda van SALGA se *Human Resources Development and Collective Bargaining*" werksgroepvergadering van 13 November 2014.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Stanley, B J
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:06 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J H Cleophas.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 3 DESEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 3 Desember 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: DESEMBER 2014

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter behandel die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste.

Ter inligting/...

5.1/...

Ter inligting noem die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste dat die lasbeheer, soos deur ESKOM uitgevoer, nie ’n negatiewe impak op die netwerke ten tyde van die aanskakeling van die kragtoevoer het nie.

Rdl B J Stanley bedank die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vir die beligting wat in Chatsworth aangebring is.

Rdl C Fortuin bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die opgradering van die strate sowel as die aanbring van voetoorgange (zebrastrepe) soos versoek.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Desember 2014;

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W	Sedeman, A C
Goliath, M S I	Sneewe, A M
Papers, C H	Stanley, B J
Philander, D B	Traut, L
Rangasamy, M	Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:24 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J I Van der Merwe.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 3 DESEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 3 Desember 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAG: DESEMBER 2014

5.1.1 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.2 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die voorsitter behandel die maandverslae van onderskeidelik die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens asook die Brandbestrydingsafdeling.

Die/...

5.1/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat – op navraag van rdl A M Sneewe – Evita Bezuidenhoudrylaan 'n provinsiale pad is en 'n versoek sal aan die Provinsiale Verkeersdienste gerig word om spoedmetings te implementeer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk Desember 2014

AANBEVEEL VERDER

b) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste 'n versoek aan die Provinsiale Verkeersdienste sal rig om spoedmetings in Evita Bezuidenhoud-rylaan te implementeer.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: DESEMBER 2014

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Desember 2014.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 SALGA: *COMMUNITY DEVELOPMENT* WERKGROEP: 12 NOVEMBER 2014 (17/2/2)

'n Verslag oor die SALGA *Community Development* werkgroep vergadering soos gehou op 12 November 2014, bygewoon deur me Marguerite Holtzhausen, Bestuurder: Gemeenskapsontwikkelingsdienste, is tot die sakelys gesirkuleer.

AANBEVEEL[1]
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die Raad oorweeg om van die wyksbefondsing aan sopkombuise te skenk;
(b) Dat die Raad oorweeg om 'n raadslid aan te stel om op die Provinsiale Vrouekommissie te dien;
(c) Dat kennis geneem word van die beleidsraamwerk vir biblioteke wat gesirkuleer was;
(d) Dat die Departement: Korporatiewe Dienste navraag doen by SALGA om sodoende die rekenaartoerusting by biblioteke met behulp van die *Melinda and Bill Gates Foundation* te verbeter;
(e) Dat die Departemente Korporatiewe- en Ontwikkelingsdienste onderskeidelik kennis neem van die gesprekvoering m.b.t. gestremdhedes wat by die Malmesbury-kantore plaasgevind het;
(f) Dat die Raad oorweeg om 'n inoverende benadering tot migrasie te formuleer;
(g) Dat die Departement: Ontwikkelingsdienste 'n Vroeë Kinderontwikkeling strategiese plan wat uit die Sosiale Ontwikkelingsbeleid en Strategie vloei, formuleer.

[1] Wysiging aangebring onder item 8.1(g) per UBK-besluit gedateer 11 Februarie 2015

8.2 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 21 VAN DIE PLAAS VADERLANDSCHE RIETKUYL NO 525, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15/Erf_252/21) (WYK 6)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar, Kaap Agri Pty Ltd, vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 21 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl no 525 (groot ±945m²), Afdeling Malmesbury vanaf landbousone 1 na sakesone 3 ten einde 'n diensstasie met parkeerarea en toegangspad te skep.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 21 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl no 525 (groot ±945m²), Afdeling Malmesbury vanaf landbousone 1 na sakesone 3 ten einde 'n diensstasie met parkeerarea en toeganspad te skep, ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die hersonering beperk word tot 'n grootte van ±945m² soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) dat die toepaslike bouplanne vir die oprigting van enige strukture/geboue aan die Direkteur Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat die nodige aansoek vir die vertoning van advertensietekens by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
(d) dat minstens 10 op-perseel parkeerplekke soos voorgehou in hierdie aansoek voorsien word;
(e) dat die toegangspad en parkeerareas voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
(f) dat die beswaarmakers op hul reg tot appél gewys word per geregistreerde pos;

A2 WATER

(a) dat waterdienste nie voorsien kan word deur Swartland Munisipaliteit nie. Die eienaar/ontwikkelaar sal moet skakel met die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die nodige wateraansluiting;

A3 RIOOL

(a) riooldienste kan slegs voorsien word vir huishoudelike riool deur middel van 'n suigtenkvragmotor;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat die toegangspad en die aansluiting van die toegangspad by DR1160 deur 'n Ingenieur ontwerp word wat toepaslik ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 geregistreer is;
(b) dat die ontwerp aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorsien word vir goedkeuring en dat die konstruksiewerk onder die toesig van die Ingenieur gedoen word;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale area;

A6 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige ESKOM dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n ESKOM kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

B. REDES VIR GOEDKEURING

(a) Die voorgestelde diensstasie sal ‘n addisionele diens lewer aan Kaap Agri kliënte wat die graansilos gebruik, wat meestal boere van die omliggende area insluit;
(b) die voorgestelde hersonering is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Ruststasie.

8.3 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 6151, MALMESBURY (15/3/3-8/Erf_6151; 15/3/4-8/Erf_6151) (WYK 10)

’n Aansoek was ontvang vir die hersonering van erf 6151, Malmesbury vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 1 ten einde die bestaande woonhuis in kantore te omskep.

Aansoek word ook gedoen ten einde af te wyk van die 3m sy- en agterboulyne soos vereis ingevolge die voorgestelde sonering na 0m onderskeidelik ten einde die bestaande strukture op die perseel te akkommodeer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

A Dat die aansoek om hersonering van erf 6151 (groot 470m²), Malmesbury vanaf enkel residensiële sone 1 na sake sone 1, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die grondgebruik beperk word tot kantore;
(b) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;
(c) dat bouplanne vir die omskepping van die woonhuis na kantore aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(d) dat voertuigtoegang na die perseel vanaf Hofstraat beperk word;
(e) dat ‘n rooi sperstreep in Vredestraat aangebring word voor erf 6151, 6152 tot en met die bestaande toegang van erf 322;
(f) dat die toegang vanaf Vredestraat na erf 6151 beperk word vir voetgangers. Ten einde dit te verseker moet ‘n grensmuur/heining op die straatgrens van erf 6151 aangebring word, of alternatiewelik kan die bestaande grensmuur behoue bly;
(g) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan al die goedkeuringsvoorwaardes voldoen is;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluiting voorsien sal word nie;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat die voorgestelde parkeerarea van ‘n permanente stofvrye oppervlak voorsien word, hetsy teer, beton of plaveisel of enige materiaal vooraf deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat die elektriese tarief verander word vanaf residensieël na besigheid en dat die Departement: Finansiële Dienste in kennis gestel word;

A6 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

B Dat die aansoek om afwyking van die voorgeskrewe 3m syboulyne van toepassing op die voorgestelde sonering na ±0m ten opsigte van die bestaande strukture ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnasie 15 van 1985, goedgekeur word.

C Die voorgestelde aansoek om hersonering en afwyking word vir die volgende redes ondersteun;
(a) daar is fisies geen beperkings wat die voorgestelde aansoek negatief sal beïnvloed nie;
(b) daar is geen beperkings teen die titleakte van die eiendom geregistreer wat die aansoek negatief beïnvloed nie;
(c) alle dienste en toegange is bestaande;
(d) erf 6151 is geleë in die geïdentifiseerde sakekern van Malmesbury.

8.4 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 2049, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-12/Erf_2049) (WYK 12)

’n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar, Joanne Hurst, vir die hersonering van erf 2049 (groot 676m²), geleë op die h/v Hoof- en Royalstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 1 ten einde ‘n restaurant, woonstel en winkels te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 2049 (groot 676m²), geleë op die h/v Hoof- en Royalstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 1 ten einde ‘n restaurant, woonstel en winkels te bedryf, ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die toepaslike bouplanne aan die Direkteur Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word vir die oprigting van die voorgestelde geboue;
(b) dat die nodige aansoek vir die vertoning van ‘n advertensietekens by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
(c) dat minstens 10 op-perseel parkeerplekke en 1 laaisone voorsien word soos voorgehou in hierdie aansoek voorsien word;
(d) dat die parkeerareas voorsien word van ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
(e) dat daar aansoek gedoen word by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir ‘n handelslisensie vir die bedryf van die restaurant;
(f) dat daar aansoek gedoen word by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir ‘n geskikheidsertifikaat vir die bedryf van die restaurant;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid gehef word, en ook vir elke afsonderlike besigheid en in die geval van die besighede sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat ‘n geboude vullisarea , met skoon lopende water en vuilwater afvoerput wat gekoppel is aan die rioolstelsel, voorsien word;
(c) dat die vullisarea maklik toeganklik moet wees vir vulliswerkers, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige ESKOM dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n ESKOM kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A6 KAPITALE BYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat streeksvoorsiening van water teen R 4 270-00 (BTW ingesluit). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op bouplanstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R 70 137,50 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R 3 420,00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R 9 405,00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R 7 980,00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
(f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater behandeling ten bedrae van R 17 100,00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
(g) dat ingevolge ‘n Raadsbesluit gedateer Mei 2014 daar ‘n 50% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN

(a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van diensteaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;
(b) dat die beswaarmakers tot hul reg tot appél gewys word per geregistreerde pos.

8.5 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 119, RIEBEEK KASTEEL (15/3/6-11/Erf_119) (WYK 12)

'n Aansoek is namens die eienaar, SM Bezuidenhout, ontvang vir die onderverdeling van erf 119 (groot 1660m²), geleë te Heuwelstraat, Riebeek Kasteel in 'n restant (±994m²) en gedeelte A (±666m²).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeur deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 119 (groot 1660m²), geleë te Heuwelstraat, Riebeek Kasteel in 'n restant (±994m²) en gedeelte A (±666m²) goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die erf 119 onderverdeel word in 'n restant (±994m²) en gedeelte A (±666m²);
(b) dat bouplanne vir die omskepping van die geboue na 'n woonhuis op gedeelte A aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word alvorens uitklaring gegee word;
(c) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;
(d) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl gewys word per geregistreerde pos;

A2 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdeling stadium;

A3 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke afsonderlike erwe gehef word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige ESKOM dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n ESKOM kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A6 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat streeksvoorsiening van water teen R 10 795,80 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R 10 795,80/kl AADD) wat gemaak moet word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland

Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R 8 140,74 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R 4 156,44 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R 11 305,38 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R 6 775,02 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v afvalwater behandeling ten bedrae van R 7 182,00 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(g) dat ingevolge ‘n Raadsbesluit gedateer Mei 2014 daar ‘n 50% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN

(a) dat enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

(b) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeeltes van dienste-aansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge Artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie.

B REDES VIR GOEDKEURING

(a) Die voorgestelde erfgroottes voldoen aan die minimum erfgroottes van die Raadsbesluit rakende minimum erfgroottes, asook die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk;

(b) verdigting sal plaasvind wat aangemoedig word op plaaslike en provinsiale vlak.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE